

Die Paah

Oumaledi se storie

Oktober 2086

Ghamland, Kontinent 3

“Oumaledi, wat is ’n ... Paah?”

Marlaan spreek die vreemde woord stadig uit, asof sy dit uittoets. Sy wag op ’n reaksie van haar grootmoeder.

“Sê weer?” antwoord die ou vrou. “Vir Grootmoeder is dit onbekend.”

“’n Paah.”

“Waar hoor jy dit?” vra die ou vrou. Die uitdrukking op haar gesig is onleesbaar en haar oë op skrefies toegedruk.

“Werneen het vir my vertel. Sy sê daar is ’n monster genaamd Paah wat lyk soos ’n gham, maar ook nie heeltemal nie. Tussen die monster se bene hang ’n lang tou en op die monster se arms is groot bulte. Die Paah se stem is diep soos ’n sandstorm. Werneen het vir my bang laat voel want sy sê die Paah kom in die nagtyd en maak ’n klein-gham seer.”

“Vergeet dit,” sê die ou vrou. “Werneen het verveeldheid in haar bloed wat haar laat stront praat vir vermaaklikheid. In Ghamland lyk al wat ’n gham is dieselfde. Ons lywe en stemme en tot die plekke tussen ons boude. Kom, MaPê en die maans kom nou terug van die ghamlande en die vuur makeer stook en die wildebokke water voor die son loop slaap.”

Die ou vrou en dogter staan op van die plek waar hulle gesit het en strek hul lywe. Hulle staan voor ’n groot huis gebou met rou klip. Op die huis se dak lê daar groot sonpanele.

Langs die huis is daar 'n masjien waardeur water van een kant na die ander loop vir suiwering. Een pyp neem dit dan tot binne in die huis terwyl 'n ander pyp na buite tot onder die grond agter die huis loop.

Daar is baie kliphuise rondom hulle. Ook mense: meestal jongmeisies en ouvroue wat na tuine en mak diere kyk. Die omgewing is vaal. En daar is oral sand.

Oor 'n bult kom daar 'n groep maans gestap met mandjies op hul koppe. Almal is dieselfde geklee: lang, vaal linnerokke. Hulle lywe rond uit by hul bors en heupe. Die maans sing onder mekaar soos hulle stap:

Ghamlande waar die koring groei, ghamlande waar die kuikens broei.

Ghamlande, dié is ons land, ghamlande waar ons koring plant.

Marlaan hardloop na haar moeder MaPê̄m toe sy haar sien. MaPê̄m lig haar maklik op en gee vir haar 'n drukkie. Na sy Marlaan neergesit het, draai MaPê̄m weer na die vroue om hulle aan te spreek.

“Onthou maans, ons oë moet ons nou op die koring hou. Die grootmoeders se gewrigte waarsku dat die sandstorms oor 'n paar slape hier gaan wees en teen dan moet ons maans die koring gepluk het. Kontinent 3 se sandstorms vererger, ons sal binnenshuis vir langer as 'n week wees, voorspel ek.”

Die ander maans knik hul koppe.

“Die vrede van die Magod,” groet hulle mekaar soos hul na hul eie tuistes toe loop.

Binne in die huis geniet Oumaledi, MaPê̄m en Marlaan hul aandete en dan word Marlaan bed toe gestuur. Toe die twee grootmense alleen is, vertel Oumaledi vir MaPê̄m van haar gesprek met Marlaan.

“’n Paah?” vra MaPễm. “Wat in Gham se naam kan dit wees? Moontlik ’n sandmonster binne die grotte. Ses slape se stap van hier af is daar sandmonsters, vertel die ander maans. Kon Marlaan só iets gesien het?”

Oumaledi is stil, haar gesig sonder uitdrukking.

“Wel, Ledi hoef nie te kommer nie, dit klink soos kinderspel se dinge,” sê MaPễm.

Sy staan op maar Oumaledi se stem stop haar.

“Pễm,” sê die ou vrou. “Is daar nog ’n kleintjie op pad? Ek kan niks sien nie, maar het die Magod jou in die ander tyd gesit? Jy is nie meer bloedjonk nie, maar ek wonder maar net.”

“Nee!” antwoord Pễm verbaas. “Wat ’n vraag? Ledi weet mos ’n maan baar slegs in haar jongtyd na sy haar gebede aan die Magod geoffer het. En kleintjies kom nou nie weer nie want ek werk in die lande en dit hou die kleintjies uit my lyf.”

“Pễm?” vra Oumaledi weer. “Openbaar jy jou naak lyf aan ander? Miskien ’n gham met ’n tou tussen die bene?”

“Wat gaan aan, Ledi? Openbaar my lyf? Maar jy weet van die reëls! Openbaring van die lyf geskied slegs met die voeding van die klein-gham. En gedurende liefdemaakaande met die ander maans.”

“Ek vra maar net,” sug die ou vrou soos sy antwoord. “Pễm, ek vra maar net.”

Toe MaPễm later in die bed is, krap Oumaledi in ’n groot trommel in haar kamer. Uit die trommel haal sy ’n ou papier met ’n kaart op.

Oumaledi gaan sit op die bed en bestudeer die kaart. Sy konsentreer diep soos haar vinger die lyne op die kaart trek. Oumaledi sug en kniel om te bid:

“Mag die vrede van die Magod met my wees.”

Dan klim Oumaledi in haar bed om te slaap.

Die oggendgeluide in Ghamland is baie verskillend van hoe dit was voor die Ramp. In die jare voor die Ramp was daar geen Ghamland nie, geen ghams nie en ook geen sandstorms nie. Daar was radio en mense en elektrisiteit en televisiestelle en politieke partye. Ook alkohol, sporttoernooie, weeskinders, inentings, senuinstortings en Buddha.

Maar niemand in Ghamland onthou die dae voor die Ramp nie. Slegs Oumaledi. En selfs Oumaledi onthou nie veel nie want sy was nog klein en sieklik ook. Maar sy onthou genoeg van die dae voor die Ramp om te weet dat dit nooit moet terugkeer nie. Dus geniet sy die geluide van die bakkies en die klank van die sagte windjie wat waai, en hunker sy glad nie terug na die besige oggende van die dae voor die Ramp nie.

Ná ontbyt en MaPê se vertrek, werk Oumaledi soos altyd met die klein-ghams en leer hulle om te lees en skryf.

Marlaan lees kliphard uit die handgeskrewe boekie voor haar:

“Dit is Saartjie. Saartjie sê ek wil swaai. Ek wil hoog swaai.”

“Oumaledi, wat is swaai?” val Wermeen vir Marlaan in die rede.

Oumaledi wag ’n paar sekondes voor sy antwoord om die irritasie wat in haar opkom te kalmeer. Vir ’n jong kind is Wermeen baie skerp en sy weet hoe om vinnig onder Oumaledi se vel te kruip. Wermeen het altyd baie vrae, veels te veel vrae sover dit Oumaledi betref.

“’n Swaai is ’n speelding waarop die klein-ghamme gespeel het voor die Ramp.”

“Oumaledi, wat was die Ramp?” is Wermeen se opvolgvraag.

“Niemand weet nie.”

“Was daar sandstorms voor die Ramp?”

“Niemand weet nie.”

“Was daar Paahs voor die Ramp?”

Die ander jong kinders kyk op na Oumaledi met nuuskierige uitdrukkings op hul gesiggies toe hulle die woord hoor.

“Paah? Waarvan praat jy, Wermeen!” bars Oumaledi uit. “Stop jou skrikmakerige bokstront! ’n Paah bestaan nie! Hoor jy m...”

Die klein klaskamer se houtdeur bars só vinnig oop dat Oumaledi wip van die skrik. Sy sien dat dit MaPêm is.

“Pêm, hoekom is jy só vroeg terug?” roep Oumaledi.

“Ledi!” antwoord MaPêm. “Die sandstorms is hier. ’n Hele vier slape te vroeg. Kom! Die diere moet toegesluit word, die waterkomme se dakke moet opgesit word, huisdeure en -vensters moet toegespyker word. Ons moet nie die sonpanele vergeet nie. Kom! Ek en die maans het klaar so veel koring as wat ons kon vergader.”

Oumaledi spring vinnig aan die werk saam met die klein-ghams. Die ander maans en dogters los ook alles waarmee hulle besig is om hul woongebied voor te berei vir die sandstorm.

Alhoewel die hemel blou is sonder ’n enkele wolk, is daar ’n fyn glans te bespeur op die horison. Dit dui die koms van ’n sandstorm aan.

Oumaledi is besig om vir MaPêm te help om ’n deksel op ’n waterkom te sit, toe een van die maans vinnig na MaPêm toe stap en haar hard aan haar skouer gryp.

“MaPêm!” roep die vrou. “Jy moet kom, jy moet kom!”

“Wat?” vra MaPêm.

“Jy moet kom! MaLynn vra na jou. Dis ernstig.”

Oumaledi hou die vroue vir ’n rukkie dop soos hulle wegdraf. Dan keer sy terug na haar werk.

Toe almal klaar is met hul werk, kom hulle bymekaar in die grondpad voor hul kliphuise. Die maans het kos en klere gepak, asook slaapgoed en wasgoed. Almal is gereed om na die grotte te gaan waar hulle gedurende ’n sandstorm skuiling soek. Die stap is nie ver nie en die groep daag vinnig by die grot op.

Die maans stap rond om seker te maak dat al die beddens, kaste, baddens en kombuisgoed nog reg is en die klein-ghams maak hulself gemaklik op die vloer van die grot. Toe MaPê m seker is dat almal veilig binne die grot is, roep sy die maans bymekaar om haar te help om die groot klip voor die ingang van die grot te rol. Die maans stoot die enorme klip tot dit die ingang dek en gaan sit dan om te rus.

Dit vat die sandstorm nie lank om te kom nie. Geen sand of wind waai die grot binne nie, maar die geraas wat die storm maak is moeilik om te ignoreer. Die storm fluit en skreeu en tjank en gil. Van die klein-ghams sit styf teen die grotes. Die geluide is skrikwekkend maar die maans is gewoond daaraan en dus nie bekommerd nie.

Toe die klank van 'n roep die eerste keer opklink, neem MaPê m aan dat dit bloot die wind is. Met die tweede roep kyk sy op na Oumaledi en sien dat die Grootmoeder ook iets gehoor het. Met die derde gegil is dit duidelik dat al die maans dit gehoor het maar niemand weet wat om te doen nie, want só iets het nog nooit van tevore gebeur nie.

“Haai! Haai! Haai!” word daar geskree van buite die grot.

“MaPê m!” roep MaLynn. “Ek het jou gewaarsku! Doen iets!”

“Gewaarsku?” vra Oumaledi. “Waarvan praat jy Lynn?”

“Toe ek MaPê m vroeër geroep het, het ek haar eenkant vertel van my bok. Dit wou nie in sy kraal in gaan nie want daar was 'n reuk wat dit bang gemaak het. Toe ek gaan kyk, sien ek 'n geel vloeistof op die grond. Dit was piepie. Maar nie van 'n gham of 'n dier nie. Dit was te sterk. Goudgeel met 'n vreeslike stank.”

“Was dit 'n Paah?” vra Wermeen.

Oumaledi het nie die klein-gham sien kom nie en het nie gesien dat sy ook luister nie.

“Hou nou op,” antwoord die ou vrou. “Daar is nie so iets soos 'n Paah nie. Die bangpraat moet nou ophou.”

Almal lyk verlig ná Oumaledi se uitbarsting, maar dan hoor hulle dit weer:

“Haai! Haai! Haai!”

“Ek dink ek moet die stem antwoord,” sê MaPễm skielik.

“Nee!” roep Oumaledi. “Ignoreer dit! Kom ons sing ons Ghamland-lied!”

Ghamlande waar die koring groei, ghamlande waar die kuikens broei...

Oumaledi se desperate sang word uitgedoof deur die geskreeuery van buite.

“Haai! Haai!”

“Meer stemme het bygekom,” sê MaLynn in ’n sagte fluister.

“Stemme só grof soos die sandstorm self,” antwoord MaPễm in ’n soortgelyke fluisterstem.

Toe die rots voor die grot begin beweeg, begin die trane ook uit Oumaledi se oë te val.

“Kom!” roep sy na die maans. “Ons moet dit stop. Help my!”

Die maans stap nader en druk die rots terug met al hul krag. Wanneer dit lyk asof hulle dit teruggestoot het, begin dit weer te beweeg. Die maans stoot ook weer terug met al hul krag. Uiteindelik hou die gestotery van buitekant die grot op.

Die maans stop en luister.

“Haai!” begin die stem weer. “Alles is veilig. Moet nie bekommerd wees nie. Ons gaan julle nie seermaak nie.”

“Die stemme praat soos ons,” sê MaPễm saggies. “Ek dink ek moet antwoord.”

“Hoekom Pễm?” vra Oumaledi. “Die stemme kan nie inkom nie. Ons is veilig hier binne, as ons slegs die storm uitwag.”

“Die stemme sê ons is veilig,” sê MaPễm.

“Leuens!” roep Oumaledi uit.

“Maans, moet ek antwoord?” vra MaPễm vir die ander vroue. Die maans knik een na die ander hul koppe.

“Haai!” roep Ma-Pễm.

“Haaaiii!” antwoord die stemme onmiddellik. “Kan julle ons hoor? Ons wil inkom!”

MaPễm kyk na die ander maans – stip in hul oë, een na die ander. Sonder om te praat, knik die maans weer hul koppe.

“Haai!” roep MaPễm. “Kom in! Kom in!”

Die klip voor die grot begin beweeg. Soos dit beweeg kom die geluide van die sandstorm skerp deur. Die gegil, geskreeu, getjank en gefluit. Soos die wind die grot binnekom waai dit die saligheid en vrede vinnig weg.

Die maans en klein-ghams hou hul arms voor hul gesigte om hul oë van die sand te beskerm. Die rots beweeg vinnig weg en skielik is die mond van die grot oop.

Voor die mond staan daar ’n groep ghams. Naak. Hulle lyk soos gewone ghams, behalwe vir die dik toue tussen hul bene en die groot bulte op hul arms. En in hul hande die lang stokke met die skerp punte.